6 Februarie 2022

Gr R tot Gr 3

Sien die **hele** prentjie!

1 **Korintiërs** 15:1-11

voorbereiding

Neem saam:

- Watte bolle en gom
- Afskrifte van prente aan einde van les.
- Inkleurkryte

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

bid **tyd**

gesels **tyd**

Wie van julle het al saam met mamma of ouma koekies gebak? Of dalk al by die speelgroep of by die skool. *Gee geleentheid dat die kinders kan vertel oor wat hulle gebak het.*
Wat het julle gebak? Wie het besluit wat om te bak? Wat het jy alles gedoen om te help? Wie het die bestandele gemeng? Wie het die warm pan uit die oond gehaal? En wie het die skottelgoed opgeruim?

Dis dalk lekker om koekies te bak, maar ons kan nie net help meng of eet nie, ons moet ook bereid wees om na die tyd skoon te maak en op te ruim. Dis deel van die pret van bak en brou. Jy moet alles doen wat deel vorm van die proses.

Wat sal gebeur as ons besig is om 'n lekker speletjie te speel en in die middel van die speletjie, loop die helfte van die kinders weg en begin om iets anders te doen? Dit sal mos nie lekker wees nie, veral nie julle dalk in die begin wegkruipertjie gespeel het en jy sit nog waar jy wegkruip en jy weet nie eens dat die res nou nie meer wegkruipertjie speel nie. Wanneer mens eers 'n speletjie begin, moet jy dit tot die einde speel, of vir almal wat saamgespeel het, sê dat die speletjie nou stop. Vir elke ding is daar 'n begin en einde.

gesels **tyd** (vervolg)

Wanneer ons 'n belofte maak om iets te doen, moet ons dit doen. 'n Belofte is nie net leë woorde nie. Wanneer ons belowe ons gaan iets doen, beteken dit dat die persoon vir wie ons iets belowe, maar kan rustig wees, want wat jy gesê het jy gaan doen, sal jy deurvoer. As jy vir mamma belowe jy sal die diere kos gee, dan hoef sy mos nie heeltyd vir jou te herinner om hulle kos te gee nie. Sy kan aangaan met ander werkies, want die werkie van diere kos gee, is nou jou werkie. En diere kan mos nie sonder kos bly nie, so jy mag nie jou belofte breek en eerder speel of by iemand gaan kuier nie, want dan sal die arme diere dood gaan van die honger. Dit is ook so dat wanneer jy doen wat jy belowe het en jy vir die honde hulle kossies gee, swaai hulle sterte en is hulle gelukkig want hulle is versorg.

Onthou, alles het 'n begin en einde. Alles wat belowe is, moet gedoen word. Ons moet altyd na die groter prentjie kyk en alles raaksien.

sing **tyd**

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

Lied 599 As Hy weer kom, as Hy weer kom
As Hy weer kom, as Hy weer kom
Kom haal Hy Sy kinders
Al Sy kinders wat in Hom glo
Om by Hom te wees
Ja, ons wag op die Here
En ons sing tot Sy ere
Ja, Hy kom weer verseker
Om ons te kom haal

Liedjie: As Hy kom op die wolke
As Hy kom op die wolke van die Hemel
Elke oog sal Hom sien, elke knie sal moet buig
En elke tong sal moet bely
As Hy kom op die wolke van die Hemel
Elke oog sal Hom sien, elke knie sal moet buig
En elke tong sal moet bely

Ons gaan hierdie kant toe, daardie kant toe
Soos die golwe van die see
So is die liefde van Jesus
Rondom my.

BYBEL tyd

Paulus was ‘n man in die Nuwe Testament, wat eers vir Jesus en Sy dissipels vervolg het. Hy was eers bekend as Saulus. Hy het mense wat oor Jesus gepraat het, vervolg en wou hulle sommer doodmaak. Maar toe lees ons mos in die Bybel dat Jesus alles weet, so Hy het ook geweet dat Saulus Hom wil vervolg en het hom toe aangeraak en Saulus het tot bekering gekom en het lief geword vir Jesus. Jesus het Sy naam verander van Saulus na Paulus. Paulus het saam met Jesus en Sy dissipels geleef en van Jesus geleer en oor vir ander van Jesus vertel.

Paulus het nadat Jesus opgevaar het hemel toe, aangehou om oor Jesus te praat en vir ander van Hom te leer. Hy was ook ontsteld toe mense allerande onwaarhede begin glo het, soos dat Jesus nie opgestaan het nie. Paulus het self vir Jesus gesien nadat Hy uit die dood opgestaan het, net soos baie ander aan wie Jesus ook verskyn het. Daarom kon hy die mense wat gesê het dat Jesus het nie opgestaan nie, reghelp en vir hulle sê, maar dit is nie die waarheid nie, want hy het met sy eie oë gesien: Jesus leef.

Kom ons leers daarvan in die Bybel.
Lees vir die kinders voor uit die Bybel uit 1 Kor 15:3-8

Jesus het terwyl Hy op aarde was, belowe dat Hy gekom het om ons sonde weg te was, dat Hy die sonde op Hom sal neem en dat Hy ons sal vry maak. En Hy het dit ook gedoen. Jesus was gevang en het aan die kruis in jou en my plek, vir elke mens, se sonde gesterf. Maar Hy het ook belowe dat Hy die dood sal oorwin en na drie dae weer sal opstaan. En dit het ook so gebeur, en Hy het aan baie mense verskyn. Dit het gemaak dat mense beslis geweet het, wat Jesus belowe, sal waar word. Daarna het Jesus opgevaar hemel toe, maar voor Hy weg gegaan het, het Hy belowe dat Hy eendag sal kom om ons te kom haal. Hy gaan om vir ons plek voor te berei om vir ewig saam met God te wees.

Omdat dit ‘n belofte was wat Jesus gemaak het, weet ons dat Hy ons ook eendag gaan kom haal. Want wat Jesus belowe het, dit doen Hy. Al het Hy ons nognie kom haal nie, beteken dit nie Hy het van ons vergeet nie. Hy doen wat Hy belowe. Ons moet elke dag gereed lewe en opgewonde uitsien na die dag wat Hy op die wolke gaan kom, om vir my en jou te kom haal.

Is jy gereed vir wanneer Jesus jou kom haal. Het jy al vir Jesus gevra om ook jou sonde weg te was, en is jy ook Sy kind. Want dan kan jy vashou aan die belofte, Hy sal kom om jou te kom haal. Hy doen alles wat Hy belowe het, tot die einde.

Onthou julle in die begin het ons gesê, mens kan nie net ‘n resep lees nie, jy moet die koekies bak, maar jy moet ook die kombuis opruim.
Net so kan jy nie in die middel van ‘n speletjie net ophou speel nie – jy moet dit eers klaar maak.
Jesus belowe Hy gaan ons kom haal – leef daarom elke dag gereed.

doen & leer **tyd**

<u>Leef gereed.</u>

Ons weet dat Jesus aarde toe gekom het, om in ons plek aan die kruis te sterf om ons sonde weg te was. Ons weet dat Hy ook die dood oorwin het en opgestaan het, en ons weet dat Hy opgevaar het na God toe, om vir ons plek te gaan gereed maak. Hy het belowe, dat Hy eendag terug sal kom aarde toe om ons te kom haal. Al hierdie dinge lees ons in die Bybel en die Bybel is waar, daarom kan ons dit glo.

Wanneer ons opkyk na die wolke, moet ons altyd gereed wees vir wanneer Jesus ons kom haal.

Plak met watte die wolkie vol en kleur die agtergrond blou in. Plak dit in jou kamer op om jou te herinner: Jesus gaan ons kom haal. Hy doen altyd wat Hy belowe het.

Laat die kinders in ‘n kring afsluit met gebed

groet **tyd**

Dankie Jesus dat U belowe U gaan ons kom haal. Help my om elke dag gereed te wees.
Amen



Jesus het belowe, Hy gaan ons kom haal op die wolke.

Ons moet altyd die hele prentjie onthou:

Jesus het ons lief, Hy het in ons plek gesterf aan die kruis om ons sonde weg te was. Hy het die dood oorwin en opgestaan en Hy het ook opgevaar Hemel toe om vir ons plek te gaan voorberei. Ons moet gereed lewe vir wanneer Hy ons kom haal.

Plak die wolkie vol watte om jou te herinner, Jesus sal kom op die wolke om ons te kom haal.